



THE SALGBC AGREEMENT

Geagte lede en ander belanghebbendes,

Hierdie nuusbrieff is die 4de spesiale nuusmededeling. As u nog nie die Fonds se spesiale nuusbriewe van Oktober 2020, Maart 2021 en April 2021 gelees het nie, wil ek u aanraai om dit wel te doen. Dit is beskikbaar op die Fonds se webtuiste www.laretirementfund.co.za onder die “News”- en “Member news”-hofies – gebruik die opsies vir die 2020- en 2021-nuusbriewe.

Dit het onder die Fonds se aandag gekom dat die kollektiewe ooreenkoms tussen die vakbonde (IMATU en SAMWU) en SALGA rakende die herstrukturering van die pensioenfondsbedeling in die plaaslike owerheidsektor deur bogenoemde partye onderteken is as deel van die salarisverhogingsooreenkomste wat terugwerkend vanaf 1 Julie 2021 in die Bedingsraad vir Suid-Afrikaanse Plaaslike Owerhede (SALGBC) gesluit is.

Die lede van die Fonds is ingelig gehou oor die inisiatiewe en ontwikkelings in die SALGBC en die uitwerking wat die kollektiewe ooreenkoms op die herstrukturering van aftreefondse in die plaaslike owerheidsektor in die toekoms op lede van hierdie fondse kan hê.

Indien u nie met u vakbond se aanvaarding en ondertekening van die kollektiewe ooreenkoms saamstem nie, moet u u vakbond skriftelik daarvan in kennis stel en dat u beswaar maak teen die ondertekening en implementering van die kollektiewe ooreenkoms. Ons moedig u ook aan om u mening te lug deur u ontevredenheid met die ondertekening van die kollektiewe ooreenkoms deur die partye skriftelik aan die Fonds te kenne te gee. Stuur asseblief u e-posse na support@laretirementfund.co.za en rig dit aan die hoofbeampte, me. Ilse Hartlief.

U moet daarop let dat die implementering van die ooreenkoms waar dit “Vryheid van Assosiasie” toelaat, in die toekoms verliese aan voordele soos dood-, ongeskiktheid- en begrafnisdekking, verliese aan gevestigde regte, swakker beleggingsprestasie en verminderde werkgewerbydraes kan meebring, om maar ’n paar moontlike nadelige uitvloeiels daarvan te noem. Die gevestigde regte van alle lede wat op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer is en wat voor aftrede hul aftreespaargeld na ’n ander fonds oorplaas, sal negatief geraak word. Soos hierbo aangedui, sal die besluite wat die partye betrokke by die kollektiewe ooreenkoms geneem het, alle Fondsledes op verskeie maniere raak. Die koste van regulering en Fondsvoldoening aan vereistes sal verhoog en hierdie kosteverhogings sal uiteindelik deur lede in vastebydrae-aftreefondse gedra moet word.

Die Fonds, in oorleg met die Munisipale Aftree-organisasie (MRO) en ander fondse wat ook teen die pensioenfondsherstrukturering gekant is, is besig om regsadvies van ’n senior advokaat in te win met die oog daarop om hof toe te gaan om die fonds en sy lede se belange te beskerm.

Die Fonds wil herhaal dat dit nie gekant is teen die beginsel van “Vryheid van Assosiasie” nie. Laasgenoemde kan egter buite ’n kollektiewe ooreenkoms bereik word en behoort nie die akkrediasie en intrek van aftreefondse te behels waar hulle aan arbitrêre kriteria opgestel deur die SALGBC moet voldoen nie. Dit sal uitloop op die beheer van aftreefondse deur die SALGBC. Aftreefondse in Suid-Afrika word deur wetgewing (die Wet op Pensioenfondse soos gewysig, sy regulasies, en ander verwante wetgewing) en die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) gereguleer. Daar is geen nodigheid vir verdere regulering van die bedryf nie. Die raad van trustees is ten gunste van Vryheid van Assosiasie wat die werknemers van plaaslike owerhede toelaat om hulle by ’n aftreefonds van hul keuse aan te sluit. Hulle sal egter nie die toekomstige beheer van u aftreevoordele in die hande van die bedingsraad plaas nie.

U word nogmaals gewaarsku om nie paniekerig te raak nie en nie enige oorhaastige besluite rakende u aftrede te neem nie. Die raad van trustees het 'n fidusiêre plig om u aftreevoordele te beskerm. Laat die beheer van u fonds dus by die raad van trustees en die verskeie professionele diensverskaffers wat die raad help met die beskerming en uitbou van u aftree-neseier.

Ons sal aanhou om u oor enige toekomstige ontwikkelings op die hoogte te hou. Indien u meer duidelikheid wil hê, is u meer as welkom om die Fonds te kontak.

Vriendelike groete,



Danie Carstens

Trustees: Mnr. DL Carstens (Voorsitter),
Me. M van Zyl (Ondervoorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack,
Mnr. J Jacobs, Mnr. VWR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg,
Hoofbeampte: Me. IT Hartlief



Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark,
Twist Straat, Bellville, 7530 • WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2